
GOD SE ASEM
TUSSEN BLADSYE
‘n 40-dae-avontuur in die Woord van God
Week 1
Wanneer
God fluister
OMGEEGIDS

# GOD SE ASEM TUSSEN BLADSYE

## WEEK #1 Wanneer God fluister ......

1

Die Bybel is deur God geïnspireer, gesagvol en betroubaar

## Mens tot mens

- Hoekom hou party mense daarvan om heuning in hulle tee te gebruik?
- Hoe dink jy moet dit voel om 'n regte swaard in jou hand te hou?
- Wat beteken die frase "...deur God geïnspireer...." vir jou?

## Mens tot God

Kom ons sing Gesang **255** en **258** om ons vreugde oor die Woord van God te verwoord.
Kom ons sing ook Gesang **257** en **254** as gebede dat die Woord van God ons in hierdie byeenkoms sal inspireer en aanspreek.



Kyk na die Whatsapp Video en gesels met mekaar oor geleenthede waar die Woord van God vir jou soet op die tong was



## God tot mens

# 2

1. **Psalm 19:8 – 12**

8 Die wet van die HERE is volmaak, dit gee nuwe lewenskrag; die bepalings
van die HERE is betroubaar, dit gee wysheid aan die eenvoudige. 9 Die
opdragte van die HERE is reg, dit maak die hart bly; die gebod van die Here
is suiwer, dit verhelder die oë. 10 Ontsag vir die Here is reinigend, dit hou vir
altyd stand; die beslissings van die HERE is waar, heeltemal regverdig. 11
Dit is begeerliker as goud, begeerliker as 'n oormaat fyngoud; dit is soeter
as heuning, as 'n heuningkoek wat oorloop. 12 Ook die een wat U dien,
neem dit ter harte; wanneer 'n mens daarby hou, is die beloning groot.

(2020 Direkte vertaling)



3

2. Wat het jou in hierdie paar verse van die Bybel verras / aangespreek / beïndruk?

Die Psalm begin met die woorde:
"Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis mee aan die ander. Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem."

Hoe word daar "getuig" en "berig gegee" en "kennis meegedeel" as dit "sonder spraak en sonder woorde" en "onhoorbaar" plaasvind?

3. Watter woorde gebruik die digter om die openbaring van die Here mee aan te dui?



4

4. Watter kwaliteite word aan die openbaring van die Here gekoppel?

5. Watter belonings skenk God aan die mens wat sy openbaring ter harte neem?

6. Hoe gesagvol is die Woord van God in die wêreld waarin ons leef?

7. Watter waarde of gesag het die Woord van God in jou eie lewe ......
... as heuning?
... as swaard?

8. Glo jy in die Woord van God, of in die God van die Woord?



5

## Mens tot medemens

9. As die Here Jesus vir jou die opdrag gee om die Woord te glo en te gaan verkondig, wat gaan jy doen om gehoorsaam aan sy opdrag te wees?

## Onthou-teks

"Hoe aangenaam is u woord, soeter as heuning in die mond" (Psalm 119:103)

Lees die geheuevers hardop saam as groep – leer die vers uit die kop uit – skryf die vers in jou eie handskrif oor. Volgende week kyk ons wie kan die vers uit die kop uit opsê.





## BYBELLEESROOSTER

| | | |
|---|---|---|
| SONDAG | 26 JULIE | Jeremia 36: 1 – 38:28 |
| MAANDAG | 27 JULIE | Jeremia 39: 1 – 42 : 22 |
| DINSDAG | 28 JULIE | Jeremia 43: 1 – 46 : 28 |
| WOENSDAG | 29 JULIE | Jeremia 47: 1 – 49 : 22 |
| DONDERDAG | 30 JULIE | Jeremia 49: 23 – 50 : 46 |
| VRYDAG | 31 JULIE | Jeremia 51: 1 – 51 : 64 |
| SATERDAG | 1 AUGUSTUS | Jeremia 52: 1 – 34; Habakuk 1 : 1 – 3 : 19 |



# Psalm 19: 1 – 15

7

## Kindermoment vir gesinne



Speel die ou "telefoonspeletjie" waar die eerste lid van die gesin 'n boodskap fluister in die oor van die tweede lid van die gesin. Die boodskap word dan in 'n fluistertoon na al die lede van die gesin aangestuur – selfs 2 keer in die rondte as die gesin klein is!

Laat die laaste persoon dit wat hy / sy gehoor het, hardop verwoord sodat dit vergelyk kan word met die oorspronklike boodskap!

Luister ons goed genoeg, of is dit moeilik om te hoor as iemand fluister? Hoe hoor ons God wanneer Hy fluister?



# Ons Omgeegroep se Waardes

8

Die rede waarom ons bymekaar is, is omdat

- Ons glo in die gemeenskap van die heiliges.
- Ons wéét dat die Here Jesus self hier by ons is soos Hy gesê het!
- Ons streef daarna om soos 'n geestelike huisgesin Jesusliefde teenoor mekaar uit te leef.
- Ons doel is om ons hemelse Vader te aanbid, die Here Jesus as Verlosser en Koning te eer en om fyn ingestel te wees op die leiding van die Heilige Gees.

Ons droom is dat ons groep sal groei deur gedurig op die uitkyk te wees vir nuwe mense om in ons groep in te nooi.

# DIE BYBEL
## 'N DIREKTE VERTALING

bybelgenootskap van suid-afrika

## Medewerkers

| | |
|---|---|
| Ds Eksteen Botes | Hervormde Kerk Nelspruit |
| Ds Jurgens de Jager | NG Witrivier |
| Ds Johannes van der Merwe | NG Alkmaar |
| Ds Eddie le Roux | NG Witrivier |
| Ds Marius Swart | NG Nelspruit Westergloed |
| Past Jacques Theron | Lewende Woord Nelspruit |
| Ds Gert Macdonald | Hervormde Kerk Nelspruit |
| Ds Willie Breytenbach | Hervormde Gemeente Sabie/Witrivier/Hazyview |
| Ds Nati Stander | NG Witrivier |

Proeflees
Riza Van Rooyen

Verwerk na Whatsapp formaat

| | |
|---|---|
| Ds Riaan & Lisa Britz | NG Parowvallei |